NEWTON PRIMÊRE SKOOL PRIMARY SCHOOL

Nuusbrief 22/2018 14 November 2018

Die einde van die kwartaal het so te sê aangebreek en ons glo dat u as gesin 'n heerlike, welverdiende ruskans gaan geniet. Baie dankie weereens vir u bydrae tot die sukses van 2018 en ons dank ons Hemelse Vader vir sy seëninge oor Newton Laerskool, ons ouers, leerlinge en onderwysers. Geniet die ruskans en as u reis, reis veilig. 'n Geseënde Kerstyd vir u en u gesin en mag 2019 vir u 'n jaar vol groot seën wees.

Totsiens

Ons groet die volgende personeel en wens hulle alle voorspoed toe vir die nuwe uitdagings en Gods rykste seën word hulle toegewens. Baie dankie vir u bydrae tot Newton.

- Mev. Elsje Schützler (Graad 1C) * Mnr. Marius Brink (Graad 6B)

Datums om te onthou:

Newton Kerssangdiens	⇨	Vrydag, 16 November 2018 (08h00) WAS Basson Saal – Ongelukkig kan ons nie u as ouer uitnooi na die geleentheid nie, omdat Graad 1-7 die byeenkoms gaan bywoon en daar ongelukkig nie voldoende sitplek gaan wees nie.
Diskonto Boeke	⇨	Diskonto Boeke besoek ons skool weer op 19 & 20 November (08h00 tot 14h00). Leerlinge kan dan 'n geldjie saambring en boeke aankoop.
Graad 7 Kom-haal-funksie	⇨	Vrydag, 23 November 2018 (11h00 – 12h00). Die Graad 7 leerlinge se ouers word uitgenooi na hierdie funksie in die WAS Bassonsaal. U het die geleentheid om u kind weer te kom haal net soos u hom/haar afgelaai het sewe jaar gelede.
Vrydag, 23 November	⇨	***Skool Sluit*** Die skool sluit Vrydag om 13h00 vir alle leerlinge, en dit is nie nodig vir leerlinge om skool toe te kom vanaf Maandag, 26 November nie. Personeel gaan besig wees met inlees van punte en beplanning vir 2019.
Donderdag, 06 Desember	⇨	***Afhaal van Rapporte*** Rapporte word afgehaal vanaf 08h00 tot 09h00 – Newton Skoolsaal. Oudstes en enigste leerlinge ontvang dan ook 'n Jaarblad. ***Die enigste voorwaarde is dat u skoolfonds op datum betaal is!*** Individuele foto's en DVD van Prysuitdelings word ook dan uitgedeel.
Woensdag, 09 Januarie 2019	⇨	Skole heropen weer om 08h00. Vanaf die Donderdag begin die skool weer normale ure om 07h25. Leerlinge Graad 4 – 7 moet asseblief hulle baadjies onthou vir die saalbyeenkoms.
Newton Klerewinkel	⇨	***Die klerewinkel sal oop wees tot Donderdag, 13 Desember om 14h00. Die winkel open weer op Donderdag. 03 Januarie 2019 van 08h30 tot 14h00.***

* *Baie geluk aan al ons pryswenners tydens die verskillende prysuitdelings. Elkeen van julle is voorwaar wenners en 'n groot trots vir Newton.*

* *Hartlik geluk aan die ses hoofleiers vir 2019 asook die Projekleiers. Newton weet dat julle die leisels met 'n positiewe houding oorvat en sal voortbou op 'n pragtige voorbeeld van 2018 se leiers. Baie sterkte vir die nuwe uitdagings.*

SKOOLFONDS - 2019

Die begroting vir 2019 is goedgekeur en dankie vir die ouers wat die vergadering bygewoon het. Skoolfonds vir 2019 is soos volg vasgemaak:
R10 300 per jaar per kind. Maandelikse paaiement van R1 030 per kind betaalbaar vanaf Januarie 2019 tot Oktober 2019. Indien die volle bedrag van R10 300 betaal word voor einde Februarie 2019 kwalifiseer u vir 'n afslag bedrag en betaal u slegs R9 270 per kind. Skoolfondse kan vereffen word deur:
Kaartfasiliteit; Elektroniese Inbetalings of Kontant
Newton Bank besonderhede: ABSA; Rek no. 1059870099; Tak 500902; Verwys: Leerling naam en van

Personeelverjaarsdae:

14 November – Mev. Esnah van der Mescht (3E)
21 November – Me. Zahné Botha (6E)
02 Desember – Mev. Melissa Barnardt (4D)
06 Desember – Mnr. Thinus Carstens (Departementshoof)
09 Januarie – Mev. Riekie Snyman (Finansies)

Halkettweg/Road, Kimberley 8301
✉ 110231, Hadison Park 8306
☎ (053) 831-1705 / (053) 831 5058
Fax: (053) 833-1951 / Admin: (053) 831-8244
newtonps@mweb.co.za
newtonls@telkomsa.net
newtonls.sport@telkomsa.net
www.laerskoolnewton.co.za